

# Aantekeninge by die vertaling van Bordewijk se *Bint* – Onder ’n tug van staal

**Abstract:** Notes on the translation of Bordewijk’s *Bint* – Under dire discipline

*This article sprung from practical problems experienced during the translation of three chapters of Bordewijk’s short novel Bint. The reasons for translating a part of this text are discussed. This is followed by a hands-on illustration of some of the problems the translator was confronted with. The considerations taken into account in solving these problems are briefly discussed and possible solutions and translation options presented.*

## 1. Woord vooraf

Hierdie artikel spruit voort uit praktiese probleme wat opgeduik het met die vertaling van die eerste drie hoofstukke van Bordewijk se *Bint* met die oog op akkreditering by die *Nederlands Literair Productie- en Vertalingenfonds*. Om hierdie rede is die fokus van die artikel nie op teoretiese kwessies nie. Nogtans sal argumente en oordele sover moontlik teoreties begrond word. So merk Snyman (2007:18) op dat elke vertaler hom tydens die vertaalproses gedurig tussen die pole van “getrouheid” en “vryheid” bevind; elke vertaler besef in die “een of ander stadium dat vertaling net so ’n subjektiewe aangeleentheid soos kreatiewe skryf self is en, in die laaste instansie, eintlik nie te verantwoord is nie, teoreties of andersins”. Die vertaler, sê hy, is ’n “verraaier”, want as één element (woordorde, ritme, sintaksis, ensovoorts) gewysig word, is die oorspronklike teks reeds ‘verraai’ al sou die vertaler hom ook van die algemene beginsel van kompensasie (vergeelyk Hugo, 2008:5) behelp.

Omdat die vertaaldaad dus hoogs subjektief is en die vertaler boonop nie te vertrou is nie, sal hier nie soseer teoretiese modelle geïmplementeer word nie; eerder geprobeer word om op beskoulike wyse die logika van besluite te agterhaal. Derhalwe is hierdie artikel heel prakties gerig op die probleme waarmee ’n vertaler

in die vertaalproses gekonfronteer word en hoe hy probeer om aan die verleiding van die tussengebied waarna De Kock (2003:355) verwys, te ontkom:

In this phase [between freedom and fidelity – HPG], one feels the current of freedom very strongly, perhaps more strongly than the pull of fidelity. [...] However, as the moment approaches where fidelity about the new text must be reached [...] a strong shift in the limits of possession begins to occur.

Hieronder word verder twee sake onder die loep geneem. Ten eerste die redes vir die keuse om 'n teks van Bordewijk te vertaal. Vervolgens word enkele spesifieke vertaalprobleme toegelig en aangedui watter oorweginge aanleiding gegee het tot 'n voorgestelde oplossing.

## 2. Waarom Bordewijk vertaal?

'n Eerste belangrike kwessie het te make met die besluit om 'n teks van Bordewijk te vertaal. Hiermee saam hang uiteraard ook die vraag na waarom hoegenaamd uit Nederlands in Afrikaans vertaal moet word; hieroor is daar soveel sinne as hoofde en daarom word dit hier buite rekening gelaat. Hugo (2008) gee nietemin 'n oortuigende samevatting van die vernaamste redes waarom Nederlands nie sonder meer vir Afrikaanstaliges toeganklik is nie.

Waarom dus Bordewijk? Even-Zohar (1990:47) wys daarop dat daar verskillende redes bestaan vir die besluit om werk vanuit 'n ander letterkunde in die eie te vertaal:

It is clear that the very principles of selecting the work to be translated are determined by the situation governing the (home) polysystem: the texts are chosen according to their compatibility with the new approaches and the *supposedly* *innovatory* [beklemtoning deur my – HPG] role they may assume within the target literature.

Hy gaan dan voort en wys pertinent op wat hy noem: *turning points, crises, or literary vacuums in the literature*. Hieronder verstaan hy onder meer *a new (poetic) language, or compositional patterns and techniques*. Een van die deurslaggewende redes om Bordewijk te vertaal was juis die belangrike voorbeeld van hoe sentraal hy kennelik die taalvorm beskou het as deel van sy palet om sy verhaal te skilder. Met kort sinne en die volgehoue gedronge metafore *verbeeld* hy die strakke tug waarvan die verhaal *vertel*.

Hennie Aucamp (2007:34) maak na 'n besoek aan die Nederlandse kabaretkenner Ernst van Altena die volgende veelseggende opmerking:

Dis of Nederlands my telkens aan Afrikaans en sy moontlikhede laat twyfel. Nederlanders praat hul taal met selfvertroue en vanselfsprekendheid: Is dit omdat Nederlanders in die algemeen so weerbaar is, of is dit omdat hulle nooit daaraan twyfel dat Nederlands 'n taal is nie? Teenoor Nederlands

voel Afrikaans vir my in somber oomblikke so aarselend, so woordarm; in beter oomblikke weer dink ek: Afrikaans het 'n natuurlike gestrooptheid.

Wat Aucamp hier aanvoel, strook met wat my meer en meer opval by veral ons jonger skrywers: 'n skroomvallige onsekerheid oor wat Afrikaans toelaat en 'n onvermoë om die moontlikhede wat die taal bied, uit te buit. Ook van ons gevestigde skrywers besondig hulle soms aan slordighede en aan wat – toegegee, heel subjektief – as 'n “ligtheid van styl” gekarakteriseer sou kan word en wat met “gestrooptheid” niks te make het nie. (Kyk Grebe, 2006.) Ook in hierdie verband illustreer Bordewijk hoe sentraal die aanwending van taal, en die uitbuiting van al die moontlikhede wat die taalstruktuur bied, is in die konstruering van 'n uitdagende teks. In Afrikaans is Karel Schoeman hom byvoorbeeld wel deeglik hiervan bewus en wend hy die moontlikhede van die Afrikaanse tydsisteem meesterlik aan. (Kyk Grebe, 2008.) Saam met Aucamp gewaar ek soms 'n woordarmoede en aarselende onsekerheid by van ons jonger skrywers.

Miskien is dit daarom gerade dat Afrikaanse skrywers weer kennis neem van die sentrale plek wat styl, waaronder komposisie, sintaktiese strategieë, woordkeuse en register, reeds van vroeg af aan binne die Nederlandse tradisie beklee. In hierdie verband was die lees van die werk deur Kees 't Hart (2007) 'n verrykende ervaring. 't Hart (2007:162) verwys na die beskrywing van die gehug, Wirdum, in die openingsgedeelte van Thomas Rosenboom (2003) se roman *De nieuwe man*:

Wirdum telde maar één huis met een verdieping, het huis van de werf, voor de rest niets dan een onaanzienlijke strook bebouwing langs de weg en het evenwijdige water, een beletselteken slechts boven die lange, lege regel van het diep, die oneindige spatie van stad naar zee, zonder zin meer, zonder woord of zelfs maar een letter – maar hoe krachtig en welsprekend dan rees de werf niet uit al die verstomming op, met dat hoge huis, dat dwars gelegen tussen de weg en het water daarmee toch nog een H vormde, met de bloemrijke taal van directeur Berend Bepol, en met de kracht waarmee de platen in de vorm geslagen werden, de gaten geponst, de klinken geklonken, het staal gerekt, elke klap een uitroepteken.

So 'n goed gekonstrueerde en “gewigtige” sin – in teenstelling tot wat ek hierbo as “lig” gekarakteriseer het – het ek lanklaas in Afrikaans gelees! Maar let ook op die rol van taal en die belang daarvan as palet waarmee hier verbeeld word: Dit is asof Rosenboom die leser daarop attent maak dat 'n roman alleen 'n taalbeeld is. Die leser moet hom nie op die werklikheid instel nie, maar op 'n talige representasie van dit wat as die werklikheid waargeneem word. As middel skiet taal inhoudelik te kort om die werklikheid te beskrywe en daarom wend hy juis hierdie taalmetaforiek heel aan die begin van sy boek aan. Nie toevallig nie wys Rosenboom in sy gesprek met 't Hart (2007:156 en verder) daarop dat sy styl, waaronder die lengte en die konstruksie van die sinne, as uiters funksioneel beskou moet word: “Ik introduceerde in het begin de werf [...] in lange zinnen,

omdat ik de algemeenheid daarvan ook grammaticaal wilde vangen.” Elders in die gesprek wys Rosenboom daarop dat taal die verf is waarmee 'n skrywer skilder. Hierdie “woordvaardigheid”, sê Van Altena in die gesprek waarna Aucamp (2007:34) verwys, “kan verwerf word, [...], met bewustelike (sic) insette. O, ja, woordvaardigheid kan verwerf word”.

Terug by Bordewijk en sy kortroman *Bint*: Hierdie teks is 'n modelvoorbeeld van die hegte band wat daar tussen vorm en inhoud kan bestaan – van hoe die styl van die roman die inhoud onderskraag. Die roman open met die volgende woorde:

De Bree zijn denken was hoekig en nors. De lucht lag laag morsig roetig.  
Novemberochtend. De wind danste om de hoeken. De boerse reuzin viel  
over hem met de volle vracht van natte kleren.

Hierdie hoekige, gedronge styl word regdeur die roman volgehou en is 'n goeie illustrasie van die krag van die talige *Gestalt*. Die taal word metafoor vir die onbuigbaarheid waarvan die roman vertel. Hiermee word vanselfsprekend nie beweer dat Afrikaanse skrywers nou moet begin skrywe soos Bordewijk in die middel van die vorige eeu nie. Die besluit om Bordewijk in Afrikaans te vertaal, spruit voort uit 'n bewondering vir 'n skrywer vir wie die talige vorm van sy roman 'n sentrale plek beklee ten einde die verhaal nie alleen te vertel nie, maar ook talig te be-skrywe. Al vertalende het die verwondering toegeneem sodat die vertaling ook tot hierdie artikel aanleiding gegee het!

Hiermee saam hang ook nog die aansienlike woordeskatomvang van die teks. Dit begin al hoe meer voorkom asof Afrikaanse skrywers met 'n erg verskraalde palet probeer skilder. Dit val byvoorbeeld op dat in die reeks *Literatuur van die Nederlande* wat by Academica verskyn het, hierdie verskraalde woordeskat skynbaar as 'n gegewe aanvaar word (Bordewijk, 1986:131 en verder). Woorde wat myns insiens doodgewoon is, soos *kolking*, *mollig*, *hal*, *langzaam* word van glosse voorsien. Van Afrikaanse lesers kan seker verwag word dat hulle, soos in die geval van lesers in Nederlands, Engels en ander kultuurtale, soms 'n woordeboek moet raadpleeg! Die Afrikaanse vertaling van *Bint* illustreer, afgesien van alle ander oorweginge wat 'n mens sou kan opper, hoe belangrik styl en taal is as onderdeel van 'n goeie teks. Hierdie artikel het gevolglik as bykomende oorweging juis ten doel om die belang van gemotiveerde taalkeuses in vertalinge én weldeurdagte taalkonstruksies en woordkeuses in oorspronklike skeppende werk te beklemtoon.

Ferdinand Wilhelm Johan Christiaan Karel Emiel Bordewijk het in 1919, toe hy 35 jaar oud was, vyf van sy voorname by die burgerlike stand laat skrap. Net Ferdinand Bordewijk het bly staan. As skrywersnaam het hy slegs F. Bordewijk gehandhaaf. Hierdie hang na strakheid vind neerslag in sy manier van skryf. Sy

werk sluit aan by wat sinds die middel van die jare twintig in Nederlands as die “nuwe proza” getipeer word.

Omdat hy wesenlik ’n romantiese skrywer is, verwring en verteken hy die werklikheid en gaan dit by hom nie om ’n realistiese weergawe daarvan nie (Grüttemeier, 1989). Hoewel Bordewijk veelal gebruik maak van kort sinne met weinig verbindingswoorde, lei die beeldrykheid van sy styl en die tiperende gedronge metafore tot barokagtigheid. Terselfdertyd word Bordewijk se styl gekenmerk deur ’n afstandelike, koel sfeer omdat die taal soveel moontlik van oorbodige woorde gestroop word, maar waardeur die krag van die gepaste woord des te sterker word.

As gevolg hiervan word die vertaling van sy werk natuurlik nie makliker nie. Deur noukeurig te lees en die moontlikhede van Afrikaans uit te buit, is dit wel moontlik om ’n vertaling te bring wat deur die Afrikaanse sluier die krag en spanning van die oorspronklike teks laat sien. Dit was dan ook die oogmerk van die betrokke vertaling: Om Bordewijk in verstaanbare Afrikaans om te sit, maar die Nederlandse sfeer en wêreld wat die bronteks onderlê, nie weg te vertaal nie.

In hierdie verband wys Venuti (1995:20 en verder) asook Vermeer (2001:221-232) daarop dat vertalers, afgesien van betekenisekwivalensie, ook die waardesisteme (hetsy linguisties of kultureel) van die onderskeie tale in ag moet neem. Dit lei tot spanning tussen twee vertaalstrategieë, te wete domestisering en vervreemding. Een manier waarop die vertaler hierdie probleem kan oorkom, is om tussen die leser en die outeur te tree en as vertaler sigbaar te word. Só word die leser op die teks as vertaling attent gemaak. Ook Krog (2002:12-13) wys daarop dat die posisie en die uitgangspunte van die vertaler daartoe lei dat daar nie iets soos ’n “finale, regte vertaling” bestaan nie, omdat nie twee mense se vertaling dieselfde sal wees nie. Vanweë die heersende waardesisteme ingebed in sowel die bron- as die doeltaal, sal elke generasie volgens haar opnuut vir homself moet vertaal.

### 3. Vertaalprobleme

As ’n mens daarvan uitgaan dat iedere vertaling met ’n duidelike doel en doelkultuur voor oë gemaak word, is dit onvermydelik dat ’n bepaalde spanning tussen die bronteks en die doelteks sal ontstaan. (Vergelyk Nord, 1997:58) Dit lei onvermydelik tot vertaalprobleme. Nord (1997:58-61) onderskei vier soorte probleme: (a) pragmatiese, (b) tussenkulturele (*intercultural*), (c) tussentalige (*interlingual*) en (d) teksspesifieke probleme.

Hieronder word enkele gevalle van (a), (c) en (d) kortliks aan die hand van die vertaling van *Bint* bespreek. Dit werp hopelik lig op die aard van die soort probleme waarteen vertalers hulle gedurig vasloop en op watter strategieë en

oorweginge uitweë bied. By passasies uit sowel die bronteks as soms ook uit die doeltteks word die bladsynommer van die *bronteks* in die betrokke publikasie telkens tussen hakies vermeld.

### 3.1 Pragmatiese probleme

Vanweë die noue verweefdheid tussen taal, kultuur en konteks word die vertaler soms gedwing om die taalpatrone van die bronteks om pragmatiese oorweginge te wysig waar dit streng gesproke grammaties onnodig is omdat andersoortige kommunikatiewe situasies geld.

In die geval van die onderhawige vertaling is geoordeel dat die Afrikaanse leser moeite sou ondervind by die interpretasie van die gedronge, barokke metafoor van die boerin in die openingsparagraaf van die roman (“De boerse reuzin viel over hem met de volle vracht van natte kleren”). Dit het my lank laat gis, omdat die ervaring van die dikwels swaar, nat winde van Europa hier minder bekend is. Moes hierdie moeilik interpreteerbare sin reeds in die eerste paragraaf van die kort roman ewe kripties vertaal word – op die gevaar af dat die Afrikaanse leser vervreem word? Daar kan tog nie sonder meer aanvaar word dat die leser die Europese winter aan eie lyf ervaar het nie. Op grond van begrip vir die pragmatiese (on)vermoë van die Afrikaanse leser is die grammatikaal bepaalde “De boerse reuzin” van die bronteks grammatikaal onbepaald gemaak en die struktuur van die sin enigszins gewysig sodat die relatiewe pronomen *wat* ingevoeg kon word. Só kon die leser se aandag gevestig word op die antesedent *boerse reuzin* wat as beeld (*‘vehicle’*) van die strekking (*‘tenor’ – wind*) (Abrams, 1981:64) funksioneer deur hom as ’t ware te dwing om die versweë *soos* self in te lees:

De Bree se denke was hoekig en nors. Die lug het laag gelê; morsig roeterig. Novemberoggend. Die wind dans lomp om die hoeke. ’n Boerse reusin wat met ’n vol vrag wasgoed oor hom val. (77)

### 3.2 Tussentalige probleme

Die strukturele verskille wat betref sintaksis, morfologie, woordeskat en suprasegmentele eienskappe van tale, kan ook tot vertaalprobleme lei. (Vergelyk Nord, 1997:60) In hierdie verband kan die insigte wat kontrastiewe grammatika-onderzoek moontlik maak, waardevolle verheldering bied.

#### Die Tydsprobleem

Seker een van die grootste slaggate as vanuit Afrikaans in Nederlands vertaal word, is die aanwending van grammatikale tyd. Die rede hiervoor is dat Afrikaans oor haas geen imperfekta beskik nie. As sodanig behoort so iets geen wesenlike beletsel te wees nie, aangesien die perfektum (het + deelwoord) gewoon in Afrikaans

aangewend kan word. Stilisties is dit egter meestal minder geslaagd, omdat dit tot 'n eentonig galmende gedreun kan lei – veral in 'n teks soos die onderhawige sou so 'n omsetting verwoestend inwerk op die karakteristiek gedronge styl.

Die grammatikale tydskwessie word verder gekompliseer deurdat tyd in Afrikaans heeltemal anders gehanteer word as in Nederlands en ander Europese tale. In Afrikaans word tyd nie primêr sinsmatig gemarkeer nie, veel eerder tekstueel en kontekstueel. Daarom kan heel maklik van grammatikale tyd tussen sinne verwissel word en selfs binne een enkele sin tussen grammatikaal gemarkeerde tye gesprong word. Dit maak dit daarom nie makliker om die tydsaspek van 'n Nederlandse teks in Afrikaans oor te sit nie. Die historiese presens bied uitkoms, maar die oorbenutting daarvan doen myns insiens dikwels erg onnatuurlik aan. Hieronder 'n voorbeeld van hoe daar tussen tye in die onderhawige Afrikaanse vertaling gewissel is:

Remigius was rysig en rank. Sy blik mensliwend, donker, helder, warm.  
Sy handdruk was verowerend. Hy gaan by die tafel sit met werk en begin nasien. 'n Sigaret smeul in sy slap mondhoek.

De Bree dreutel al met die mure langs, sy pyp dampend. Hy vat 'n boek oor statistiek, gaan sit oorkant Remigius en begin lees al begryp hy nie die helfte nie.

Hy kyk weer rond, die skool was stil, die ruite beweeg in hul sponnings, die wind beuk teen die mure. (84)

Afgesien van die verwisseling tussen die verlede tyd en die historiese presens op 'n so natuurlik moontlike manier, is, sover gangbaar, deurgaans die perfektum gekies as dit om gedeeltes in die teks gaan wat as 't ware buite die onmiddellik vertelde handeling om deur die vertelinstansie beskrywe word. Om die vertelde perspektief te behou, is soms ook van tydsbywoorde soos *toe* gebruik gemaak. Die kosmiese werklikheid is in die perfektum vertaal, maar aktief handelende gebeurtenisse, asook aanskoulik kosmiese beskrywinge, is in die historiese presens weergegee. Hierdie strategie word goed deur die volgende fragment geïllustreer.

Op die podium was 'n tafel en 'n stoel. Die tafel; haarfyn op die rand. De Bree skuive dit tot 'n veilige stand, voel tersluiks aan die stoel, gaan sit langs die tafel, gryp onverskillig 'n vel papier met name daarop.

Dit moet vroeër 'n kelder gewees het. Daar was een muur met vier hoë klein vensters. Dit was van gewapende matglas, ystertralies nog daarvoor. Daarlangs skuifel die onderkante van mense buite verby, daarlangs stoot rukkerig die wind. Die lig was aan, rooi, somber. (79)

Hierbo is opgemerk dat Afrikaans oor haas geen imperfekta beskik nie. Afrikaans ken wel nog vorme soos *dag, dog, had, was, wis* en *sloeg*. Waar die grammatika van Afrikaans dit toelaat, is van hierdie imperfekta gebruik gemaak, omdat dit te versoen is met die strakke styl van die oorspronklike. Dit sluit ook goed aan by die enigszins argaïese styl van die oorspronklike Nederlands:

Dit was 'n voorposgeveg. Hy wis naastenby waarheen hy op pad was. Hy het daar al van gehoor. (77)

### Leksikale probleme

Een van die maklikste slaggate waarin 'n vertaler Nederlands / Afrikaans kan trap, is om hom aan die neus te laat lei deur 'n gewaande neutrale leksikale ooreenkoms. Die woord *langzaam* kom meermale in die bronteks voor, maar kan nie klakkeloos met óf *stadig* óf *langzaam* vertaal word nie. In 'n geval soos: “Hij deed alles uiters langzaam, bestudeerde het plan, de klas, minuten lang” (82), is soos volg vertaal: “Hy doen alles *uiters stadig*, bestudeer die plan, die klas, minute lank” – omdat *stadig* normaler op die oor val in Afrikaans en daar geen dwingende rede was om die stilisties ietwat formeler / deftige *langzaam* in Afrikaans te handhaaf nie. Maar in die geval van die volgende sin is anders geoordeel. Die vertaling van “De Bree ging rustig langzaam de acht gesleten treden af” (78-79), was nie so eenvoudig nie; trouens, onafhanklike keurders het geoordeel dat *langzaam* in Afrikaans vir hulle onnatuurlik aandoen. Tog is besluit om dit te handhaaf: “De Bree gaan die agt verslete trappies rustig langzaam af.” Hier was die betekenis en die ritme van die oorspronklike Nederlands deurslaggewend. Daar is geoordeel dat *langzaam* nie onnatuurlik in Afrikaans is nie, wel effens stilisties gemarkeerd, maar binne die konteks sou die klankherhaling van *gaan rustig stadig* die ritme van die oorspronklike sin versteur. Die geringe stilistiese markering in Afrikaans was seker nie strydig met die stylaard van die oorspronklike nie.

Die vertaling van *zeer* en *heel* was ook nie altyd voor die hand liggend nie: *zeer* is as *baie* vertaal in die sin: “Komt u even hier, vroeg een grote mollige man, zeer wit in het gezicht.” (77) Maar die Nederlandse *heel* is hieronder gehandhaaf in weerwil van die onafhanklike keurders se voorkeur vir *baie*. Hier is immers 'n nuanseverskil.

Hij was heel sterk, maar hij was nog een jongen.  
Hy was heel sterk, maar hy was nog 'n knaap. (80)

Leksikale gappinge in die doeltaal plaas die vertaler soms voor moeilike keuses. 'n Goeie voorbeeld word deur die volgende sin geïllustreer:

De directeur tutoyeerde ongevraagd, niet uit familiariteit, uit gezag. (78)

Afrikaans ken die begrip *tutoyeren*, maar het daar geen enkele woord voor nie. Die uitdrukking *om iemand te jy en te jou* kom wel voor. 'n Eerste poging was dus:

Die prinsipaal jy en jou ongevraagd, nie uit familiariteit nie, maar uit gesag.

Tog was die toon net nie in die kol nie, veral nie in kombinasie met die woorde *prinsipaal* en *familiariteit* nie. Ook is dit asof die status van die prinsipaal onder verdenking kom, terwyl die gebruik van *tutoyeerde* juis sy handhawing van die



*decorum* bevestig, maar iets van sy dunk betreffende ondergeskiktes laat blyk. Hierteenoor is dit asof om in Afrikaans *iemand te jy en te jou* juis ’n gebrek aan fatsoen by die spreker ontbloom. ’n Ander moontlikheid was om die begrip nie so direk moontlik met die enigste Afrikaanse ekwivalent te probeer weergee nie, maar om die leksikale betekenis vir die boodskap in te ruil; om die minagting wat uit die Nederlandse sin spreek, te ver-taal. Dit het die volgende vertaling opgelewer:

Die prinsipaal spreek De Bree sonder omhaal van woorde op sy naam aan,  
nie uit familiariteit nie, uit gesag.

Hierdie vertaling is wel langer en nie-letterlik, maar behou die toon en implikasie van die Nederlands. Om die betekenis van *ongevraagd* en die implikasie van arrogansie te probeer behou, is die sinsnede *sonder omhaal van woorde* ingevoeg. Die behoud van toon en implikasie het die deurslag gegee.

In ietwat verouderde Nederlands kom die uitdrukking voor: *op iets gevat zijn*, in die betekenis van “erop gewapend, voorbereid zijn”. Afrikaans ken hierdie uitdrukking nie. Die skoliere van die klas, genaamd “Die Hel”, treiter Bint:

Een roofvogel, ergens vanuit het midden, vroeg plots krijsend, zonder opsteken:

— Meneer, mag die deur dicht!

De Bree was hierop niet gevat. Hij beheerste zich, trok zijn wenkbrouwen op, keek met voordacht flets naar de vrager, toen weer weg. Hij schudde zijn hoofd. (81)

Afgesien van die onbekende uitdrukking, is dit op sigself reeds ’n moeilike gedeelte om te vertaal. Verskillende moontlikhede is vir hierdie onbekende uitdrukking oorweeg: *De Bree was hierop nie bedag nie / voorbereid nie / De Bree was uit die veld geslaan*, maar iets van die krag, bondigheid van segging en ’n element van verrassing het tog ontbreek. Uiteindelik was daar ’n heel simpel oplossing voor, wat geensins by die Nederlands afsteek nie:

’n Roofvoël, êrens vanuit die middel van die klas, krys skielik, sonder handopsteek:

— Meneer, kan dié deur maar toe!

De Bree het dit nie verwag nie. Hy beheers hom, trek sy wenkbroue op, kyk met opset die vrager skuins aan en toe weer weg. Hy skud sy kop.

Die krag, bondigheid en selfs klank van die Afrikaans is byna identies aan die Nederlands.

Nog twee laaste voorbeelde: Na die leerlinge word as *roofvogels* verwys. Hierdie metafoor word volgehou:

Er kwam beweging. Stommelend, klotsend groepeerde de klas zich anders.  
De gier vloog hoog de volière in. (81)

Omdat die klas skuins na bo oploop en *volière* vir 'n Afrikaanse leserspubliek vreemd sou wees, is die beeld volgehou, maar dan gedagtig aan 'n hoenderhok.

Daar kom beweging. Stropelend, klotsend neem die klas ander sitplekke in. Die gier vlieg hoër die stellasio in.

As De Bree die eerste keer in die personeelkamer kom, voel hy hom vreemd. Hy loop skoorvoetend rond en probeer vir hom 'n plek vind: “De Bree drentelde langs de wanden, pijpdampend.” (84) Die versoeking is groot om sonder meer te vertaal: *De Bree drentel langs die mure, sy pyp dampend*. Maar hieruit blyk niks van sy ongemak en gevoel van vreemdheid nie; afgesien nog van die ander betekenis van *langs* in Nederlands. Dit het uiteindelik geword: *De Bree drentel al met die mure langs, sy pyp dampend*.

### Morfologiese verskille

Nederlands ken persoonsverbuiging by die werkwoord. By die bevelsvorm kan dit die vertaler probleme besorg. In Nederlands word onder meer onderskei tussen die vorme: *Kom hier / Kom jij hier / Komt u hier*. Die eerste is betreklik neutraal, terwyl die tweede minder beleefd is en die laaste beleefdheid markeer. In Afrikaans bestaan die vorme: *Kom hier / kom jy hier*, maar 'n ooreenstemmende beleefdheidskonstruksie bestaan nie in Afrikaans nie. Die vertaling van die sinnetjie waarmee die portier die nuwe onderwyser, Bint, die eerste keer aanspreek, was dus nie vanselfsprekend nie:

Komt u even hier, vroeg een grote mollige man ... (77)

Dit is só vertaal:

Kan u gou hier kom, vra 'n groot mollige man ...

*Even* is natuurlik op sigself nogal moeilik om in Afrikaans weer te gee.

### 3.3 Teksspesifieke probleme

In literêre vertaling kompliseer die gebruik van beeldspraak (byvoorbeeld metaforiek en vergelyking) en woordspeling die taak van die vertaler. Daar is reeds op die gestrooptheid en die weglaat van oorbodige woorde by Bordewijk gewys. Hierdie gedronge styl, in samehang met die aanwend van uitgebreide metafore en die uitbuit van die morfologiese en sintaktiese moontlikhede wat Nederlands hom bied, maak die vertaling van sy werk uitdagend. Deur die duidelik sintakties gemarkeerde werkwoordkonstruksie klakkeloos in Afrikaans weer te gee, sou tot 'n ongelukkige vertaling lei:

Zij hand was klam, zijn stem stuitend. Hij klotslawaaide weg naar een klas, lompig nadreunend, klein, hoed-op. (84)

Na veel wik en weeg was die resultaat:

Sy hand was klam, sy stem stuitend. Lomp, hoed op die kop, hinkstap hy klein na 'n klas, sy gang dreun hom klotsend na.

Aanvanklik is vir *stuitend* ook ander moontlikhede (*onaangenaam / afstootlik*) oorweeg, maar omdat dit in die *HAT* (2005) sonder etiket opgeneem is, is dit in die vertaling gehandhaaf. Maar vanweë die sintaktiese omsetting (transposisie) moes 'n hoofwerkwoord vir die tweede sin gevind word. Omdat *klotslawaaide* ook die assosiasie van “strompelend beweeg” oproep, is op *hinkstap* besluit. Die duidelik as werkwoord gemarkeerde *klotslawaaide* wat die waterverwysing van *klam* volhou en ook geluid oproep, moes ingeboet word, maar daarvoor is vergoed deur in die vertaling die bywoord *klotsend* in te voeg.

#### 4. Tot slot

Op beskoulike wyse is gepoog om duidelik te maak dat vertaling 'n bevrugte funksie kan vervul ten opsigte van die literêre sisteem waarin vertaal word. As vertrekpunt is 'n teks van Bordewijk geneem, maar ook enkele ander skrywers is betrek. Omdat die klem in hierdie artikel op die vormlike aspekte van tekste val, is praktiese probleme wat die talige transponering in die wiele kan ry, toegelig deur aan te dui watter oorweging in die spel kom om dit te oorkom.

Miskien is dit tog gerade om as slotwoord daarop te wys dat elke vertaling slegs daarna kan strewe om die oorspronklike te benader. Oor poësievertaling verwys Krog (2002) na die algemene mening dat dit wesenlik onvertaalbaar is. Maar deur te beweeg tussen wat sy die “literêre” en die “letterlike (op die letter af)” noem, meen sy dat dit tog moontlik is om lesers “iets van die ‘anderstalige’ skoonheid te laat ervaar; al is nie een van dié maniere op sigself bevredigend nie”. As die vertaler daarin kan slaag om die gees van die oorspronklike te peil, sowel wat die ideële as die linguïstiese vormgewing daarvan betref, en terselfdertyd probeer om die norme van die doeltaalkultuur en taalgevoel te respekteer, kan ou wyn in nuwe vate opnuut verras en inspireer.

Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria

#### VERWYSINGS

ABRAMS, M.H.

1981 (Vierde druk). *A glossary of literary terms*. New York: Holt, Rinehart and Winston.

AUCAMP, H.

2007. *'n Vreemdeling op deurtog*. Pretoria: Protea Boekhuis.

BORDEWIJK, F.

1956 (Derde druk). *Blokken, Knorrende beesten, Bint*. 's-Gravenhagen: N.V. Uitgeverij.

1986. *Blokken, Knorrende beesten, Bint*. (Met aantekeninge deur F.H.H. Pols. Uit die reeks: Literatuur van die Lae Lande.) Pretoria: Academica.

DE KOCK, L.

2003. Translating *Triomf*: The shifting limits of “ownership” in translating or: Never translate anyone but a dead author. *Journal of Literary Studies* 19(3):345-359.

EVEN-ZOHAR, I.

1990. The Position of Translated Literature within the Literary Polysystem. *Poetics Today* 11(1):45-51.

GREBE, H.P.

2006. Etienne van Heerden: Mooi loop met die woorde! *Tydskrif vir Letterkunde* 43(2):91-106.

2008. Die vertaler as eindredakteur – “In plaats van de liefde”. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 15(1):102-111.

GRÜTTEMEIER, RALF.

1989. Bordewijk en de Nieuwe Zakelijkheid – Intertextuele aspecten van F. Bordewijks *Bint*. *Spiegel der Letteren* 31:101-115.

HUGO, D.

2008. Valse vriende – die gevaarlike avontuur van vertaal uit Nederlands. [Internet]. *LitNet*. Verkry van: [http://litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270](http://litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270). [Geraadpleeg op 11 Januarie 2009].

KROG, A.

2002. Inleiding. *Met woorde soos met kerse. Inheemse verse uitgesoek en vertaal deur Antjie Krog en ander*. Kaapstad: Kwela Boeke.

NORD, C.

1997. A functional typology of translation. In: Trosborg, A. (ed.). *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company:43-66.

ODENDAL, F.F. & GOUWS, R.H. (REDS.).

2005 (Vyfde uitgawe). *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Maskew Millar Longman (Edms.) Bpk.

ROSENBOOM, T.

2003. *De nieuwe man*. Amsterdam: Em. Querido's Uitgeverij.

'T HART, K.

2007. *De kunst van het schrijven*. Amsterdam: Em. Querido's Uitgeverij BV.

TROSBORG, A. (ED.).

1997. *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

SNYMAN, H.J.

2007. *Duino-Elegieë*. Pretoria: Protea Boekhuis.

VENUTI, L.

1995. *The translator's invisibility: A history of translation*. London & New York: Routledge.

VERMEER, HANS J.

2001. Skopos and commission in translational action. In: Venuti, L. (ed.). *The translation studies reader*. London: Routledge:221-232.